**ATLETIEKBELEID:**

1. DOELWITTE

- Om alle leerders in die skool 'n gelyke kans te gee om deel te neem.
- Om 'n liefde vir die sport aan te kweek.
- Om massadeelname te bevorder.
- Om vir die leerders met 'n spesiale talent in atletiek ook 'n geleentheid te gee om te presteer.

2. BYEENKOMSTE

2.1 Ons sal deelneem aan alle byeenkomste soos deur die amptelike skolesportliggaam bepaal.

2.1.1 Atlete neem op die volgende vlakke deel:

- Skoolspan
- Sone (Bloemfontein: A)
- Streek (Motheo)
- Provinsie (Vrystaat)
- Nasionaal

2.2 Indien 'n atleet, sonder verskoning, nie opdaag vir 'n byeenkoms nie, sal so 'n atleet uit die span gelaat word vir die res van die seisoen. So 'n atleet kan dan ook volgens die skool se gedragskode gestraf word.

2.3 Indien 'n atleet nie 'n byeenkoms kan bywoon nie, moet hy/sy ten minste twee dae (48 uur) voor die tyd, reëlings tref met die spanbestuurder en die afrigter, sodat die nodige reëlings getref kan word vir 'n plaasvervanger.

2.4 Noodgevalle sal volgens meriete hanteer word.

H/V Paul Kruger en Ross str | Universitas | Bloemfontein | Posbus 11073 | Universitas | 9321
Tel: (051) 522 1371 | Faks: (051) 522 4875 | E-pos: office@tjokkies.co.za | www.tjokkies.co.za

3. VRIENDSKAPLIKE BYEENKOMSTE

3.1 Dit word deur die atletiekhoof, in samewerking met die sport-organiseerder, gereël.

3.2 Die datums vir die byeenkomste word op die jaar-en kwartaalprogram aangedui.

4. SAAMSTEL VAN DIE ATLETIEKSPAN

4.1 Daar sal 'n massabyeenkoms aangebied word waar albei die interhuisspanne kan deelneem. Tydens die byeenkoms word daar drie (3) atlete per item gekies wat dan aan die vriendskaplike byeenkomste, sowel as uitnodigingsbyeenkomste, sal deelneem. Deelname aan laasgenoemde is onderhewig aan inskrywings en kompetisiereëls, soos voorgeskryf deur die reëlingskomitee van die byeenkoms. Hierdie atlete sal dan gedurende geskeduleerde tye oefen. Die atletiekspan wat by die Sone kampioenskappe sal deelneem, bestaan uit die beste twee (2) atlete per item, soos gerekordeer tydens die massabyeenkoms. 'n Derde inskrywing mag deur die atletiekhoof bemagtig word, met regverdige motivering.

4.2 Elke byeenkoms bepaal die samestelling van die span vir daardie spesifieke byeenkoms.

5. AFRIGTING

5.1 Buite-afrigters kan aangestel word indien daar 'n behoefte is en daarvoor begroot is. Aanstelling van sulke afrigters sal afhang van hul ervaring, prestasies en kwalifikasie wat duidelik in hul CV aangedui moet wees. Ouers wat self gekwalifiseerde afrigters is sal genader word indien hul belangstel om te help met afrigting.

H/V Paul Kruger en Ross str | Universitas | Bloemfontein | Posbus 11073 | Universitas | 9321
Tel: (051) 522 1371 | Faks: (051) 522 4875 | E-pos: office@tjokkies.co.za | www.tjokkies.co.za

6. <u>BEGROTING</u>

6.1 'n Jaarlikse begroting moet voor die einde van September ingedien word.

6.2 Borge kan genader word vir medaljes en trofeë.

6.3 Alle aankope moet gedoen word volgens die finansiële beleid van die skool.

6.4 Alle apparaat wat aangekoop word moet dadelik in die bateregister aangeteken word. Aan die einde van die seisoen moet 'n volledige voorraadopname gemaak word en alle apparaat wat afgeskryf moet word, moet aan die Beheerliggaam voorgelê word vir goedkeuring.

7. <u>KLEREDRAG</u>

7.1 Wanneer 'n atleet in die skool se span opgeneem is, sal van hom/haar verwag word om die korrekte, voorgeskrewe atletiekdrag te dra. Dit is die spanbestuurder se verantwoordelikheid om toe te sien dat alle atlete korrek geklee is.

8. <u>VERVOER</u>

8.1 Atlete wat saam met hulle ouers na byeenkomste reis, moet reëlings tref met die spanbestuurder, sowel as die atletiekhoof.

9. <u>OUERS/TOESKOUERS</u>

9.1 Ouers se ondersteuning word te alle tye hoog op prys gestel.

9.2 Ouers mag nie met spankeuses en oefeninge inmeng nie. Indien 'n ouer 'n probleem/navraag het, moet dit skriftelik by die atletiekhoof ingedien word.

9.3 Enige ouer wat hom/haar wangedra tydens byeenkomste mag deur die betrokke afrigter, organiseerder, sporthoof of skoolhoof gevra word om die terrein te verlaat.

9.4 Indien 'n ouer hom/haar herhaaldelik aan wangedrag skuldig maak, sal die Beheerliggaam teen die ouer optree.

9.5 Volgens atletieketiket mag daar geen ouers/afrigters op die baan wees tydens byeenkomste nie. Volgens die atletiekreëls kan 'n atleet gediskwalifiseer word indien hierdie reël nie nagekom word nie.

9.6 Appèl : Indien iemand appèl wil aanteken tydens ‘n byeenkoms, moet dit eerstens met die spanbestuurder opgeneem word en hy/sy sal dan die korrekte stappe neem. Alle appélle moet vergesel word van ‘n vasgestelde kontantbedrag vir die byeenkoms en moet binne 30 minute nadat die voorval plaasgevind het, aangemeld word.

10. <u>GRIEWEPROSEDURE</u>

10.1 Alle griewe moet skriftelik by die atletiekhoof ingedien word.

10.2 Die atletiekhoof sal die grief ondersoek, onder die sporthoof se aandag bring en dit dan hanteer volgens die skool se grieweprosedure.

11. <u>OEFENINGE</u>

11.1 Alle oefeninge is verpligtend vir die span. Probleme moet met die atletiekhoof en spanbestuurder uitgeklaar word.

11.2 Indien die afrigter vir ‘n betrokke item voel dat die atleet nie kom oefen het nie en dus onvoorbereid is vir die byeenkoms, is dit die afrigter se volste reg om so ‘n atleet van die kompetisie te onttrek.

11.3 Indien ‘n atleet wel ‘n grondige verskoning het, moet dit skriftelik by die afrigter en spanbestuurder ingehandig word, verkieslik voor die oefening.

11.4 Indien ‘n atleet private afrigting ontvang, moet dit duidelik en skriftelik, na afloop van die massabyeenkoms, met die atletiekhoof gekommunikeer word.

12. PRESTASIETOEKENNINGS

12.1 PRESTASIESERTIFIKATE: Atlete wat in Vrystaatspanne opgeneem word, 'n eerste, tweede of derde plek provinsiaal ontvang het, of in die top agt (8) nasionaal is, ontvang prestasiesertifikate.

12.2 TROFEË:

- Victor Ludorum vir die seunsatleet wat die meeste punte behaal het tydens die jaarlikse interhuisbyeenkoms.
- Victrix Ludorum vir die dogtersatleet wat die meeste punte behaal het tydens die jaarlikse interhuisbyeenkoms.
- Beste prestasie in atletiek vir die seun wat die verste gevorder het i.v.m. byeenkomste. In die geval dat twee (2) of meer seuns aan dieselfde byeenkoms deelneem, sal die beste uitslag/plek in hul onderskeie items die toekenning ontvang. Indien die uitslag nogsteeds dieselfde is, sal die toekenning gedeel word. Hierdie prestasie word toegeken in die grondslagfase, sowel as die intermediêre en senior fase.
- Beste prestasie in atletiek vir die dogter wat die verste gevorder het i.v.m. byeenkomste. In die geval dat twee (2) of meer dogters aan dieselfde byeenkoms deelneem, sal die beste uitslag/plek in hul onderskeie items die toekenning ontvang. Indien die uitslag nogsteeds dieselfde is, sal die toekenning gedeel word. Hierdie prestasie word toegeken in die grondslagfase, sowel as die intermediêre en senior fase.

**GOEDGEKEUR DEUR DIE BEHEERLIGGAAM IN ................................................**

**ADDENDUM A:**

4. PLIGTE VAN DIE ATLETIEKHOOF, SPORT-ORGANISEERDER EN AFRIGTERS

4.1 ATLETIEKHOOF

Die atletiekhoof:

4.1.1 Word deur die Bestuurspan, in samewerking met die Beheerliggaam, aangestel.

4.1.2 Moet toesien dat die beleid geïmplementeer en toegepas word.

4.1.3 Moet op gereelde basis verslag doen aan die Beheerliggaam. Hy/sy moet ook toesien dat atletiek die nodige dekking in die koerante, sosiale media en webblad geniet.

4.1.4 Reël vergaderings vir beplanningsdoeleindes, in samewerking met die betrokke Beheerliggaamlid en skoolbestuur.

4.1.5 Is verantwoordelik vir die voorbereiding van bane/velde voor byeenkomste.

4.1.6 Is verantwoordelik vir die kontrole en beheer van atletiekvoorraad/implemente en voorraadopnames.

4.1.7 Reël afrigtingsklinieke, reëlbesprekings en eksamens, in samewerking met die organiseerder.

4.1.8 Kontroleer die afrigters ten opsigte van oefentye, bywoningsregisters ens.

4.1.9 Kontroleer alle betalings, bestuur en opstel van begrotings.

4.1.10 Hanteer griewe en dispute wat na hom/haar verwys is.

4.1.11 Is verantwoordelik vir die opstel en bestuur van die atletiekbegroting.

4.1.12 Reël busvervoer indien nodig en stel die bedrag vas wat elke deelnemer moet betaal.

4.1.13 Hanteer toekennings vir trofeë vir die prysuitdeling, in samewerking met die sporthoof en sportorganiseerder.

4.1.14 Wys die afrigters/skeidsregters/beamptes aan, in samewerking met die sportorganiseerder en sporthoof.

4.1.15 Opstel van oefentye in samewerking met die afrigters en sporthoof.

4.2 SPORT-ORGANISEERDER:

Die sportorganiseerder is verantwoordelik vir:

4.2.1 Die organisatoriese aspekte van byeenkomste, in samewerking met atletiekhoof, sporthoof en afrigters.

4.2.2 In samewerking met die atletiekhoof, die uitslae/verslag aan die sporthoof op 'n Maandag, asook vir die terugrapportering in die saal.

4.2.3 Die bywoon van die jaarvergadering en ander vergaderings soos nodig, tesame met die atletiekhoof.

4.3 AFRIGTERS

4.3.1 Afrigters word deur die atletiekhoof, in samewerking met die sporthoof en organiseerder, aangewys.

4.3.2 'n Afrigter neem volle verantwoordelikheid vir sy/haar span/groep. Elke afrigter moet 'n lys hê van die atlete wat by die betrokke item/span oefen.

Die afrigter moet:

4.3.3 Sorg dra dat hy/sy op hoogte is van die nuutste reëls en afrigtingstegnieke.


4.3.4 Sorg vir die opwarming, fiksheid en afrigting van die span/groep aan hom/haar toegewys.

4.3.5 Toesien dat die atlete korrek, volgens voorskrifte, geklee is by elke oefensessie.

4.3.6 Sorg vir die evaluering van atlete met die oog op die maak van spankeuses. Die evaluering sal van tyd tot tyd deur die atletiekhoof, insamewerking met die sporthoof, gekontroleer word.

4.3.7 Te alle tye voorbereid, en met geskikte kleredrag, by die oefeninge/byeenkomste opdaag.

**GOEDGEKEUR DEUR DIE BEHEERLIGGAAM IN NOVEMBER 2025**



Mnr Wessel Groenewald

Voorsitter van die Beheerliggaam